VERWELKOMING DEUR BEHEERRAADSLEDE

Darling Kollege is ‘n onafhanklike skool in die rustige en kalm dorpie, Darling. Die huislike geboue en kindervriendelike klaskamers word omring deur ‘n pragtige, veilige speelgrond.

Kreatiewe onderwysers bied ‘n gebalanseerde, relevante, interessante en stimulerende opvoedkundige program aan in ‘n ontspanne omgewing. Ons gedissiplineerde leerders baat by die rustige dorpsatmosfeer. Hulle is gelukkig en sorgvry. Hulle mag selfs kaalvoet skool toe kom.

Ons is een groot familie en daarom glo ons dat die aktiewe rol wat toegewyde ouers speel van onskatbare waarde is vir die skool.

Met die ondersteuning van ‘n entoesiastiese Beheerraad, strewe ons daarna om ‘n verskil te maak in die lewens van elke indiwidu wat Darling Kollege bywoon. Al die positiewe terugvoering wat ons van ons oud-skoliere ontvang, bevestig die hoë standaard en dat ons wel `n verskil maak.

Dit sal ‘n voorreg wees om ‘n verskil in u kind se lewe te maak.

Vriendelike groete
P Niklaus
Voorsitter

DARLING KOLLEGE PERSONEEL 2017

Marius Jerling	Skoolhoof
Carla van Bo	Gr RR
Cheri van der Merwe	Gr R
Jorunda Jordaan	Gr 1 & Hoof van Sport
Anne-Mari Stoffberg	Gr 1 & Eisteddfod
Sunelle Booysen	Gr 2
Sunel Grundlingh	Gr 2 en Hoof van Grondslagfase
Zandre Hugo	Gr 3
Clarisa Hugo	Gr 4
Benita van As	Gr 5 & Kultuur
Janine Jerling	Gr 6 en Hoof van Akademie
Glyn Lewis	Gr 7
Simone van der Merwe	Senior Tale en Rekenaars
Izanda Bruintjies	Assistant Gr R en RR
Annebe Oosthuizen	Nasorg
Levona de Villiers	Drama
Hentie van der Merwe	Kuns

DARLING KOLLEGE BEHEERLIGGAAM 2017

Peter Niklaus	Voorsitter & Grondwet
Marius Jerling	Skoolhoof
Gilbert Ferreira	Tesourier (Bygestaan deur Jacqui Sherwood)
John Duckitt	Geboue & Gronde
Surene Kirsten	Sekretaresse
Glyn Lewis	Onderwyser & Addisionele Lid
Lukas Wentzel	Sport
Charmaine du Toit & Marchell Kalumpie	Fondsinsameling
Lientjie Nel	Bemarking

Ons is geaffilieer by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en ook by ISASA. (Suid-Afrikaanse Raad van Onafhanklike Skole)

MISSIE

By Darling Kollege streef ons daarna om ‘n veilige, gelukkige leeromgewing te skep, waar leerders in ‘n plattelandse omgewing gekoester en gestimuleer word om kreatief, weetgierig, ywerig, aanpasbaar en verantwoordelik te wees. Die Christelike waardes vorm ons grondslag; ons onderrig en beoefen verdraagsaamheid en respek. Ons doelwit is om ons leerders te motiveer dat hul met selfvertroue ‘n sinvolle bydrae tot hul gemeenskap en die wêreld in geheel sal maak.

GESKIEDENIS

In Januarie 1998, na maande van harde werk deur ‘n klein groepie ouers, het Darling Kollege sy deure vir die eerste keer geopen. Sewentien leerders en twee leerkragte het daardie eerste dag aangemeld. Na net een jaar het die

leerdertal gegroei met 100%. Gedurende 1999 is ons by die Wes-Kaapse Onderwysdepartement geregistreer as ‘n onafhanklike skool en het ons deel geword van die Suid-Afrikaanse Raad van Onafhaklike Skole (ISASA).

SKOOLLIED

Aan die Suidpunt van Afrika, is ‘n reënboogland teen die see.
Waar ons vrye Weskuskinders daar graag leer en ook baljaar.
Ons is Darling se blomme, goue koringlande.
Ons streef daarna om die hoogste te bereik.
Met die krag van bo en met blommeprag getooi.
Sal ons trou bly aan jou ons skool.

We care to share our love with our fellow human beings
We are happy to be here all of us to learn still more and more.
We love all the earth with creatures great and small
Where every child is so special and unique
We’re the future’s dream
We’re the light that shines and shines
For our school our school so fine.

- geskryf deur Elmie Erasmus
- getoonset deur Louise Potgieter

ALGEMENE INLIGTING

2017 SKOOLGELDE

Alle betalings wat aan Darling Kollege gemaak word moet ge-EFT word. Darling Kollege is ‘n kontantvrye skool en sal geen KONTANT betalings antvaar nie.

Eenmalige betalings

Aansoekfooi van R200 per kind (Gr RR – 7)
Intreegeld van R2500 per kind (Gr 1 – 7 alleenlik)

Jaarlikse ontwikkelingsheffing

Graad 1 – 7 = R1400.00 per kind (word aan die begin van elke jaar betaal).
Graade R en RR = R600 per student (word aan die begin van elke jaar betaal)

Maandelikse skoolfonds

Graad 1 – 7 = R2385.00 per kind / maand vir 12 maande betaalbaar voor die 7e van elke maand.
Graad RR en R = R950 per kind / maand vir 12 maande betaalbaar voor die 7e van elke maand.

Tweede kind afslag

Daar is ‘n 10% afslag op maandelikse skoolfonds vir gesinne wat ‘n tweede kind by Darling Kollege inskryf beskikbaar (afslag slegs op oudste kind se skoolfonds). Indien ouers van hierdie afslag gebruik wil maak, kan hulle ‘n skriftelike versoek aan die Beheerliggaam rig. Gesinne wat reeds finansiële bystand ontvang, kom nie in aanmerking vir hierdie afslag nie.

Die Beheerraad sal daarna streef om nie skoolgelde gedurende die jaar te verhoog nie, maar behou die reg om so te maak indien omstandighede dit vereis. Skoolgelde sal jaarliks met ‘n minimum van 5% styg.

ROOSTERS 2017

Voorskoolse kinders: Maandae – Vrydae 8h00 – 12h00 (Nasorg beskikbaar op aanvraag)

Somer: Kwartaal 1 en 4

Grondslagfase

	Grade	Maand	Dins	Woens	Dond	Vryd
Begin	Gr1 - 3	07:30	07:30	07:30	07:30	07:30
Eindig		13:00	13:00	13:00	13:00	13:00
Sport	Gr 1-3		7:30 – 8:30		7:30 – 8:30	

Intermediêre en Senior Fase

	Grade	Maand	Dins	Woens	Dond	Vryd
Begin	Gr4 - 7	07:30	07:30	07:30	07:30	07:30
Eindig		14:00	14:00	14:00	14:00	14:00
Sport	Gr4 - 7		08:50 – 9:40		08:50 – 9:40	

Winter Kwartaal 2 en 3

Sport is verpligtend vir ALLE leerders in grade 1 – 7

Grondslagfase

	Grade	Maand	Dins	Woens	Dond	Vryd
Begin	Gr1	07:30	07:30	07:30	07:30	07:30
Eindig		13:00	13:00	13:00	13:00	13:00
Sport	Gr 1-3		13:00–14:15		13:00–14:15	

Intermediêre en Senior Fase

	Grade	Maand	Dins	Woens	Dond	Vryd
Begin	Gr4 - 7	07:30	07:30	07:30	07:30	07:30
Eindig		14:15	14:15	14:15	14:15	13:30
Sport	Gr4 - 7		13:00-14:15		13:00-14:15	

KWARTAAL DATUMS 2018

Kwart	Open	Sluit
1	Woensdag, 17 Januarie	Woensdag, 28 Maart
2	Dinsdag, 10 April	Vrydag, 22 Junie
3	Dinsdag, 17 Julie	Vrydag, 28 September

4	Maandag, 9 Oktober	Vrydag, 7 Desember

ALGEMENE SKOOLBELEID EN -REËLS

LEERDERS MAG NIE LAAT WEES VIR SKOOL NIE.

AFWESIGHEID

Ouers word vriendelik versoek om die Kollege voor **07:30** te skakel om u kind se afwesigheid aan te meld. U kan dit telefonies doen of ‘n e-pos stuur aan admin@darlingcollege.org.za. ***NB*** **Neem asseblief kennis dat dit die leerder se verantwoordelikheid is om verlore werk in te haal. Indien ‘n leerder afwesig is op ‘n dag wat ‘n assessering gedoen word, moet die leerder ‘n mediese sertifikaat van ‘n geregistreerde dokter skool toe bring. ‘n Reëling sal getref word vir die leerder om die assessering op te vang (gewoonlik die daaropvolgende skooldag). Alternatiewelik verbeur die leerder die kans om die assessering te doen.**

VERLENGDE VAKANSIES

Die skoolhoof word soms versoek om vir ‘n leerder ekstra dae verlof te gee as gevolg van ‘n verlengde vakansie. So ‘n versoek plaas ‘n akademiese las op die leerder wat op ‘n later stadium verlore werk moet inhaal.

ANDER AFSPRAKE

1) Maak asseblief alle afsprake, (medies, tandarts, terapie), na skool-ure indien moontlik.
2) Maak asseblief ‘n afspraak indien u ‘n onderwyser of die skoolhoof wil spreek. Hierdie afspraak moet asseblief vir na skool-ure gemaak word. Onderwysers moet liefs **nie voor skool of gedurende klastye gesteur** word nie.

GRIEWEPROSEDURE VIR OUERS.

Indien u ‘n skoolverwante probleem ondervind, versoek ons u vriendelik om die volgende prosedure te volg:

a) Probleme of ander sake rakende onderwysers moet privaat gehou word en nie openlik of voor skoliere bespreek word nie.
b) Daar is ‘n beleid betreffende die toegang tot onderwysers en personeel.
c) Maak ‘n afspraak met die betrokke onderwyser by die sekretaresse.
d) Hierdie afspraak moet asseblief vir na skool-ure gemaak word, aangesien die onderwysers soggens die aktiwiteite van die dag finaliseer.
e) Meld asb. ook aan die sekretaresse waaroor u met die onderwyser wil gesels sodat sy/hy ook hul gedagtes kan formuleer.
f) Onder geen omstandighede moet onderwysers voor ander ouers, leerders ens. gekonfronteer word nie
g) Sensitiewe gesprekke moet binne die vier mure van die klaskamer plaasvind en nie openlik bespreek word nie.
h) Meld asseblief altyd by die kantoor aan as u die skool besoek.
i) Onder geen omstandighede mag u, u kind by die klas gaan haal sonder geskrewe toestemming nie. Meld altyd eers by die kantoor aan.

j) Onderwysers mag nie tydens skoolure gepla word nie.

k) Ons versoek u vriendelik om die onderwysers na skool en voor 15:00 te

l) skakel of laat ‘n boodskap by die sekretaresse.

m) Indien u en die betrokke onderwyser nie die saak bevredigend kon oplos nie, moet u asb. ‘n afspraak met die Skoolhoof maak.

n) Indien die Skoolhoof nie die saak bevredigend kan oplos nie, sal die saak na die Beheerraad verwys word. Die finale oplossing van die probleem berus by die Beheerraad.

o) Ons verseker u dat ons, ons beste sal doen om sake bevredigend op te los. Dankie dat u die gesprek op ’n volwasse wyse en met respek sal hanteer.

AFLAAIPLEK

Die skoolparkeerarea is ‘n “drop and go” area” en ouers wat ‘n gesprek wil aanknoop word gevra om hul motors onder die bome te parker om sodoende nie die vloei van verkeer te hinder nie. Ouers moet leerders asseblief in die parkeerterrein aflaai en nie in die pad nie. Leerders moet asseblief betyds afgehaal word. Hulle raak redelik bekommerd as hul ouers laat kom. **Alle oproepe na ouers deur leerders sal verhaal word teen R5 per oproep.**

ROOKVRYE OMGEWING

Darling Kollege is ‘n rookvrye omgewing. Dankie dat u nie op die skoolgronde rook nie.

KLEREDRAGKODE

Die persoonlike beeld wat ons uitdra deur ons kleredrag is vir ons belangrik. Leerders word uitgeken aan hul skooldrag. Ons versoek dus dat u as ouer, ons sal ondersteun op die gebied en sal sorg dat die kleredragkode streng nagevolg word. Leerders moet hul skoolklere met trots dra. Skooltasse moet donkerblou of swart wees met afskortings binne-in. Tekkies moet hoofsaaklik wit wees maar kan donkerblou/swart inlasgedeeltes hê, en kan toeryg. **Merk asseblief alle** items en skoolklere. Stukkende uniforms moet vervang word. Leerders sal vermaan word as hulle nie aan die kleredragkode voldoen nie. Hare van seuns moet netjies bo die ore geknip wees en mag nie aan die kraag raak nie, alternatiewe hairstyle soos bv. “English Cut” word nie toegelaar nie. Hare van meisies moet vasgemaak wees as dit aan die kraag raak. Naels en hare moet ten alle tye skoon en netjies wees..

SKOOLUNIFORM

Skooluniforms is by die skool verkrygbaar. Sommige items is verkrygbaar by PEP Stores (sien kleredragkode). Bestelvorms is beskikbaar by die kantoor. Die bestelvorm moet voltooi word en op Maandae teruggestuur word kantoor toe tesame met betaling. (GEEN KLERE SAL SONDER BETALING DAARVAN GEGEE WORD NIE). Bestellings kan Dinsdae afgehaal word.

SNOEPIE

Daar is `n snoepie op Vrydae tydens pouse. Maak seker dat u kind daagliks ontbyt eet en pak asseblief vir hulle gesonde kospakkies in.

SELFOONGEBRUIK

Leerders mag nie oproepe by die kantoor ontvang of maak nie. Dit sal slegs in noodgevalle toegelaat word.

Leerders wat selfone byderhand moet hê, moet dit afgeskakel en in hul tasse hou tydens skoolure. Leerders sal slegs toegelaat word om hul fone/tablette vir akademiese doeleindes te gebruik indien die betrokke personeellid dit verlang. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore of beskadigde selfone/tablette nie. Selfone sal gekonfiskeer word indien dit sonder toestemming gebruik word.

AKADEMIESE KURRIKULUM

Ons gebruik CAPS as ‘n basis en ons volg ‘n kruis kurrikulêre sillabus, bedoelende dat ons leermateriaal byvoeg by die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring soos voorgeskryf deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement. Assessering word op ‘n daaglikse basis in alle grade gedoen. Terugvoering word tydens persoonlike onderhoude aan ouers gegee in die eerste drie kwartale. Die rapport punte word saamgestel uit die FORMELE en INFORMELE assesserings wat leerders by die skool doen. Informele assesserings word deur die kwartaal in die klaskamers gedoen en leerders word verwag om hul volle samewerking hiervoor te gee. Formele assesserings word op die kwartaal kalender aangedui en leerders berei hiervoor by die huis voor.
Graad 4 – 7 skryf eksamen in Junie en November.
Graad 1 – 7 skryf ook een maal per jaar ‘n eksterne toets waaraan ons, ons standaarde meet.
Graad 7 Driekamptoetse, wat Wiskunde- en Taalvaardigheid toets.
Graad 1 - 7 neem ook deel aan die Conquesta.

HANDBOEKE & SKRYFBEHOEFTES

Vir graad 1 – 7 sal die handboekbestellings deur die skool gedoen word. Ouers sal slegs die handboeke kan ontvang indien betaling gemaak word. Ouers word wel aangeraai om kontak te maak met leerders in die jaar bo hul kind om te onderhandel om die nodige handboeke tweedehands oor te koop.
Skryfbehoeftelyste van Waltons word in die derde/vierde kwartaal versprei. Dit staan wel die ouers vry om hul skryfbehoeftes by ander verskaffers te bekom. Maak asseblief seker dat alle skryfbehoeftes gemerk is.
Dit is uiters noodsaaklik dat kinders alle handboeke en skryfbehoeftes met die aanvang van die nuwe skooljaar het.

HUISWERK

Darling Kollege streef daarna om die minimum huiswerk aan leerders te gee. Ons verwag van ons leerders om op ‘n daaglikse basis by die huis te lees en hul skoolwerk met hul ouers te bespreek. Ons verwag van al ons leerders om aan skoolsport en na-uurse bedrywighede deel te neem.

Graad. 1- 7 leerders ontvang ‘n weeklikse huiswerkskedule wat hul toelaat om hul weke te beplan. Voltooiwerk word ook huis toe gestuur as leerders nie hul tyd in die klas effektief toegepas het nie.

SPORT

Sport is verpligtend vir ALLE leerders in Graad 1 – 7. Leerders wat siek is en nie aan sport kan deelneem nie, moet 'n brief van die huis af bring en sal in 'n "huiswerkklas" sit tydens sport. GEEN leerders mag die skool verlaat voor die einde van die sport periode nie.

SOMER: Tydens skooltyd

1ste KWARTAAL:	Gr. 1 - 7	Atletiek
	Gr. 4 - 7	Tennis / Krieket
	Gr. 1 – 3	Tennis / Mini-krieket
4de KWARTAAL:	Gr. 4 - 7	Tennis / Krieket
	Gr. 1 – 3	Tennis / Mini-krieket
	of fiksheid en vaardigheidsprogram	

WINTER: 13h30 – 15h00

2de & 3de KWARTAAL: Netbal / Rugby

Ander buitemuurse aktiwiteite

Gimnastiek, Perdry, Karate, Dans. Die Darling Music Association bied weekliks instumentele klasse aand.

GODSDIENSBELEID

Darling Kollege verkondig nie die beleid van 'n spesifieke kerkverband nie. Getrou aan die grondwet van die skool, respekteer ons alle godsdienste. Ons is 'n Christen-skool en moedig die leerders aan om geestelik te groei en Godvresend te lewe.

TOELATINGSBELEID

Beleidsverklaring

Ons skool is 'n tweetalige en 'n Christelike primêre skool vir kinders van beide geslagte tussen 6 en 14 jaar oud.

Die skool se Beheerliggaam en die Skoolhoof sal volgens die wet redelik optree wanneer aansoeke om toelating tot die skool oorweeg word. Die volgorde moet in ag geneem word:

1. Leerders wat in Gr RR opgeneem wil word moet voor Julie van die betrokke jaar 4 jaar oud word. Jonger leerders sal eers na gesprekke oorweeg word.
2. Leerders wat in Gr 1 ingeskryf word moet 7 jaar oud word in die betrokke jaar.
3. Die skool kan nie leerders ouer as 14 jaar toelaat nie. Uitsonderlike gevalle sal deur die beheerliggaam aangehoor word.
4. Indien 'n waglys ontstaan sal leerders wat reeds broer/suster in die skool het voorkeur geniet. Leerders wat ook in die onmiddelike omgewing van die skool woon sal ook voorkeur geniet
5. Die skool sal poog om voor die einde Augustus van die betrokke jaar finale kennis van toelating aan ouers deur te gee. Laat inskrywings sal nie op die voordeel wat in punt 4 genoem is kan staatmaak nie.
6. Darling Kollege is nie 'n remidierende skool nie. Die skool volg 'n baie sterk akademiese program.
7. Leerders afkomstig van ander skole kan gevra word om toelatings assesserings te voltooi alvorens die leerder toegelaat sal word in die skool.

Die skool se grondwet bepaal dat daar nie meer as 20 leerders per klas toegelaar word nie. Met uitsondering kan daar plek gemaak word vir nog twee leerders. Die skool se Beheerliggaam sal nie diskrimineer teen applikante ten opsigte van hul geslag, ras, kleur, geloof, burgerskap of land van herkoms nie.

PROSEDURE VIR TOELATING

1. Ouers moet die aansoekpakket volledig voltooi en saam met die R200 aansoekfooi aan die skool besorg.
2. Die skool sal die nodige ondersoeke voltooi.
3. Ouers en leerders sal dan vir ‘n onderhoud genooi word. Leerders wat in Gr 2 – 7 die skool wil betree sal ook dan die nodige assesserings voltooi.
4. Indien ‘n leerder ‘n plek in die skool aangebied word sal die inskrywingsfooi van R2500 betaalbaar wees. Die fooi sal die leerder se plek vir die volgende jaar verseker.
5. Die ouers sal tydsaam die nodige inligting ontvang rakende die aankoop van uniform, skryfbehoeftes asook handboeke.
6. Ouers word geva om ‘n maandelikse debietorder by hul betrokke banke te aktiveer aangesien Darling Kollege ‘n kontant vrye sone is.
7. Skoolfonds word vir ‘n tydperk van 12 maande per jaar betaal.
8. ‘n Jaarlike ontwikkelingsfooi word gehef en sal betaalbaar wees aan die begn van elke jaar.
9. Aansoeke wat voor Einde Augustus ontvang word geniet voorkeur.

‘n Ware, lojale familielid van Darling Kollege sal die bogenoemde reëls respekteer en hul kind/ers aanmoedig om die reëls te onderhou asook om ‘n goeie voorbeeld tuis te stel.

Dankie dat u help om ‘n verskil te maak.

Kontakbesonderhede:
Tel: 022492 3429
admin@darlingcollege.org.za
www.darlingcollege.org.za
Skoolhoof
Marius Jerling
0725022359
principal@darlingcollege.org.za

NOTAS: